

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOUD TE WORD OP WOENSDAG,  
2 SEPTEMBER 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 08/2015

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Des Muller open die vergadering met gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

### 2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

#### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Des Muller	Ondervoorsitter	Riverside
Mike Wray	Bestuurslid	Tergniethoogte
Johann Muller	Suid van Spoorlyn	Reebok
Charl de Wet		Kleinbrak
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Len Rauch		Tergniet
Pieter le Roux		Kleinbrak
Ray Saul		Reebokhoogte

#### 2.2 Op Uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit	Raadslid - Wyk 4
----------------------	------------------

#### 2.3 Afwesig met verskoning

Annatjie J van Rensburg	Sekretaresse	Eureka Park
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid - Wyk 5	
Rozain Hanzen		Munisipaliteit
Frans de Graaff		Munisipaliteit
Lydia Havenga		Bewarea
Wendy Wiles		Bewarea
Frik Nel		Reebokrif
Jorrie Jordaan		Suiderkruis
Donovan Claassen		Toekoms
Terry Terblanche		Riverside
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Johan Lötter	Noord van Spoorlyn	Reebok
Ann Pretorius		De Lange Uitbr
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig

### 3. LIEF EN LEED

Ann Pretorius en Kruger de Wet verjaar op 12 September 2015 en Johann Muller op 22 September 2015.

### 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Notule 06/2015 en Notule 07/2015 word goedgekeur deur onderskeidelik Len Rauch en Ray Saul en gesekondeer deur Johann Muller.

## 5. NUWE SAKE VIR BESPREGING

### 5.1 **Aktiwiteitslys Item 2a - Tennisbane te Klein-Brakrivier, navraag oor eiendomsreg.**

Navraag sal deurgestuur word. **Plaas op Aktiwiteitslys vir Maart 2016.**

### 5.2 **Aktiwiteitslys Item 3 - Trap 6de Laan.**

Aksie word opgevolg. **Annatjie stuur epos.**

### 5.3 **Aktiwiteitslys Item 5 - Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'.**

Epos word gestuur na Munisipaliteit. **Annatjie sal kontak maak met Lenese.**

### 5.4 **Aansoek om tydelike afwykking erf 75.**

Anton noem dat die ou Klein-Brak Stasie stoor word gebruik vir koffie drink en eetplek met die moontlikheid van n treintrok vir eetgeriewe. Die Voorsitter noem dat die nuwe eienaars n pad stap en alle kanale volg met die munisipaliteit en Johann Muller dra kennis namens die Wykskomitee. Anton noem ook dat Klein-Brak so iets dringend nodig het na aanleiding van sy derde Blouvlag seisoen wat voorle. Die toeriste getal het verdubbel. Alle lede se besware moet so gou moontlik deurgegee word. **Brief sal gestuur word.**

### 5.5 **Aansoek om hersonering, onderverdeling en afwyking: restant van gedeelte 33 van die plaas 136, mosselbaai distrik.**

Volgens registreerde brief word 48 Eenhede oorweeg en aansoek word ingedien. Anton vra dat almal asb die brief moet nagaan en hulle besware so gou moontlik moet deurgee. Hy noem dat die R102 Ingang en spoor oorgang n groot probleem kan wees. **Brief sal na aanleiding van almal se besware voorberei word en deurgestuur word.**

### 5.6 **Vakansie Seisoen Reelings Besprekings Items.**

Anton versoek almal om hulle gebiede te ondersoek en punte deur te gee vir bespreking soos die verf van strate, Ablusie Geriewe, trappe na die see, Klein-brak Blouvlag seisoen en onvoldoende parkering in Beyers Straat ens. **Annatjie sal alles saamvat en deurgee.**

### 5.7 **Dooie walvis te Reebok.**

Anton noem dat hulle baie klagtes ontvang het oor die stank in die omgewing. Die walvis was blykbaar erg ontbind en dat die kontrakteur hom begrawe het in die sand. Anton verduidelik dat die Kontrakteur dit moes doen om te verhoed vir verdere skade deur die nag. Die volgende dag sal die hele gebied skoongemaak word en gerehabiliteer word. **Haal Af.**

### 5.8 **Mosselbaai Kuslewe Protokol Forum.**

Anton verduidelik aan die lede dat daar baie probleme was met die afgelope tyd se twee Walvis strandings. Hulle het besef dat 'n standaard protokol ontbreek. Hyself saam met Dr De Graaf en Tersia Marais het n vergadering belê. 40 Verskillende rolspelers het bygewoon en dat dit 'n reuse sukses was. Opvolg vergadering en

werkwinkels word beplan. Midbrak en Groot-Brak speel n belangrike rol. **Anton sal terugvoer gee.**

#### 5.9 **Her-Opening van Klipspringer Wandelpad.**

Anton noem dat hulle die wandelpad gaan stap het en dat die kontrakteur nou besig is om die bankies te vervang. Aandag sal binnekort aan die voetpad gegee moet word, hangende die reen en storm skade. Houtstompe word benodig. **Bekendstelling moet gereel word vir die heropening, Len sal help met reelings.**

### 6. **AANVULLENDE AGENDA**

#### 6.1 **Riversidecommunity Forum.**

Anton noem dat 'n epos ontvang is van 'Riversidecommunity Forum' wat verskeie goed aanspreek in Riverside. Die epos bevat geen name of adresse nie. Die MBBV&B is n erkende organisasie wat hulle doelwitte nastreef. Die Forum is nie lede nie en dus hoef ons nie verslag te doen aan 'n onbekende organisasie nie. Des Muller en Terry Terblanche is die verteenwoordigers van Riverside al vir baie jare. Goeie verhoudinge is opgebou met die inwoners asook gevestigde kommunikasie strukture. Ray noem dat indien daar goed van belang is en ons kan insette en dienste lewer tot voordeel van die gebied, dan doen ons dit. Anton bevestig dat van die sake by die Rivier Forums reeds aangespreek word asook by die Munisipaliteit. **Haal af.**

#### 6.2 **Spanning op krag voorsiening.**

Charl noem dat sy alarmstelsel opgepak het asook die transformator. Die tegnikus het die spanning voer gemeet van 250v. Hy sou dit opneem met Munisipaliteit. **Anton noem dat hy net epos weer aan Munisipaliteit moet stuur.**

#### 6.3 **Hulp met Stormskade.**

Len noem dat daar baie arm huishoudinge skade gely het met die storms. Hout deure en klere word benodig en vra as belastingbetalers kan help. **Annatjie sal epos aan al die lede stuur vir hulp.**

### 7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

#### 7.1 **Reeboksfontein Natuurgebied Omheining 'Reebok Rif Ontwikkeling'.**

Die Voorsitter bedank Des vir die brief samestelling. **Brief is aan Mnr Chris Gaigher van CODEV gestuur.**

#### 7.2 **Reebok Gemeenskapsaal Huur.**

Die Voorsitter bedank Rdh Smit en Rdl Gerber asook die Munisipaliteit vir die vergunning. Die MBBV&B hoef glad nie meer enige fooie vir saal huur te betaal nie. Anton noem dat die GPF, Buurtwag en Reebok Mark se motiverings ingedien is.

#### 7.3 **Reebokhoogte – Oesterlaan.**

**Staan oor**, wag vir terugvoering, Annatjie het 'n epos aan Munisipaliteit oor die saak gestuur.

7.4 **Beurtkrag.**

**Staanoor.** Annatjie sal weer navraag doen.

8. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Anton noem dat hy en Len namens Pieter le Roux en Charl de Wet bygewoon het. Ray en Pieter sal volgende een bywoon. Anton sal datums deurgee.

9. **WYKSKOMITEES**

Len noem dat hy nou ook deel van die Wykskomitee is. **Len gee terugvoer.**

10. **PROJEKTE**

10.1 **R102 Deurpad en gras areas (Lede).**

Gibo het die punt na die Eden Raadsvergadering verwys en sal gemonitor word.

10.2 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings & monitoring (Frik)**

Frik het geen sake gemeld.

10.3 **Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings (Len).**

Anton noem dat daar nog geen antwoord op Len se versoek ontvang is nie. **Brief sal weer opgevolg word.**

10.4 **Skoonmaak van erwe.**

Deurlopende Aksie.

11. **FINANSIES**

Anton gee oorsig. Geen spandering vir MBBV asook Bewarea nie, fondse onveranderd.

12. **POLISIËRING/BUURTWAG**

Len gee Buurtwag terugvoer en noem dat die AJV die 14 September is.

13. **BEWAREA**

Aangeheg die MBBV Bewarea Verslag deur Wendy.

14. **PLAASLIKE SAKE**

14.1 De Lange Uitbreiding (Ann)

Alles in orde.

14.2 Toekoms (Donovan)

Alles in orde.

14.3 Eureka Park (Annatjie)

14.3.1 **Selfgemaakte stormwatersluis Duineweg**

Staan oor, Gibo sal terugvoer gee.

14.3.3 **Pad oorgang by Suiderkruis en Spar**

14.4 Fraaiuitsig(Lavinia en Charl Coetzer)

Geen probleme.

14.5 Suiderkruis (Jorrie)

Geen sake.

14.6 Riverside (Des)

Des vra dat Munisipaliteit net kan skoonmaak na die storm en noem dat die redding boeie weg is. Anton noem dat hy mnr Johnston moet skakel. **Hy sal epos stuur.**

14.7 Tergniet (Len en Anton)

Geen sake.

14.8 Tergniethoogte (Mike) Geen.

14.9 Klein Brakrivier (Charl de Wet & Pieter le Roux)

14.9.1 Deurloop na Reebok is vuil asook die Meyerstraat Rubberboom moet gesnoei word deur Munisipaliteit. **Epos sal gestuur word.**

14.9.2 **Blouvlagstatus.** Staar oor vir vakansie seisoen reelings vergadering.

14.10 Reebok

14.10.1 Noord van die Spoorlyn (Johan Lotter)

Geen sake.

14.10.2 Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)

Geen sake.

14.11 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

Geen Sake.

14.12 Reebokrif(Frik Nel)

Geen Sake.

15. KORRESPONDENSIE

Sien twee Registreerde briewe, punt 5.4 en 5.5

16. ALGEMEEN

16.1 Geen Punte.

17. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering vind op **07 Oktober 2015 om 13h00** in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 14h30

**GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 09/2015 GEHOU OP 07 OKTOBER 2015 OM 13:00**

ANTON DELLEMIJN  
VOORSITTER

MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016	
Onderwerp	Bespreking
1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsdigting	Nov 2015
2. <u>Sake by Regsafdeling</u>	
a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)	Aug 2015
b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)	Des 2015
c. Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding.	Dec 2015
3. Trap 6de Laan. (Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskap dienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom.)	Sep 2015
4. Hersëel van Hildegardestraat Fraaiuitsig. Anton noem dat daar geen rekord is die afgelope vier jaar oor die straat nie asook nie op die Herseellys nie. Versoek is gerig aan Mun. Terugvoering van Altus Eitner dat daarduidiglik geen fondse vir die straat is nie en word wel op die herseellys geplaas word vir n latere stadium. Opdrag word aan Ralph Dickson gegee om straat te vee asook gate te stop.	Sep 2015
5. Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'. L Herselman Munisipaliteit	Sept. 2015
6. Strate en Stormwater(Reebok en Tergniet) – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg	Okt. 2015
7. Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings.	Okt. 2015

8.	
9.	
10.	

## **MIDBRAK CONSERVANCY/BEWAREA REPORT**

### **August Report**

The path is finished and the contractor has been paid.

Anton has a quote for benches and they will be done soon.

Lavinia is almost ready with the tortoise signs. Anton was to find out where the previous signs were in order to speed up the process.

I attended the Gouritz Biosphere Reserve AGM. Very inspiring talk by one of the women supervisors on the Jobs4Carbon project in Vanwyksdorp. Would it not be wonderful if we could have a community project here to remove A Cyclops on Erf 928? Any volunteers?